2018/01/12
08:30 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2018/01/12	DATUM 2018/01/11			+ - WEEK GELEDE 2018/01/01		
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%		Data
DJIA-index	25575	205.60	0.8%	25369	3.5%		24719
Goud (Spot)	1328.61	10.21	0.8%	1318.40	1.9%		1303.59
Brent $/vat	69.23	0.14	0.2%	69.09	3.2%		67.11
1 € / US$	1.2042	0.009	0.8%	1.1948	0.1%		1.2025
1 US$ / ZAR	12.38	-0.030	-0.2%	12.41	0.5%		12.32
Corn	R 1 696.06	-9	-0.5%	R 1 705.06	*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec 12:00 the previous day		
Wheat	R 1 949.52	0	0.0%	R 1 949.73	* CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day		
Soybeans	R 4 232.21	-73	-1.7%	R 4 305.65	* CBOT Soy Jan cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jan 12:00 the previous day		
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)							
Corn Mar 18	348.00	-1.00	-0.3%	349.00	-1%		350.75
Wheat Mar 18	433.00	1.00	0.2%	432.00	1%		427.00
Soybeans Jan 18	940.00	-14.00	-1.5%	954.00	-1%		951.75
PLAASLIKE MARKINLIGTING							
SORGHUM Mar '18	2850.00	0.00	0.0%	2850.00	0.0%		2850.00
WMAZ Spot	2031.00	68.00	3.5%	1963.00	8.6%		1870.00
WMAZ Mar 18	2069.00	68.00	3.4%	2001.00	8.9%		1900.00
WMAZ Jul 18	2170.00	66.00	3.1%	2104.00	8.2%		2005.00
YMAZ Spot	2020.00	26.00	1.3%	1994.00	4.4%		1934.00
YMAZ Mar 18	2058.00	31.00	1.5%	2027.00	4.6%		1967.00
YMAZ Jul 18	2121.00	28.00	1.3%	2093.00	3.4%		2052.00
SOY Spot	4593.00	58.00	1.3%	4535.00	1.1%		4542.00
SOY May 18	4636.00	2.00	0.0%	4634.00	0.0%		4635.00
SUN Spot	4750.00	57.00	1.2%	4693.00	8.2%		4390.00
SUN May 18	4726.00	83.00	1.8%	4643.00	6.9%		4423.00
WHEAT Spot	3683.00	-17.00	-0.5%	3700.00	-0.3%		3693.00
WHEAT Mar 18	3743.00	-26.00	-0.7%	3769.00	-0.4%		3757.00
WHEAT May 18	3814.00	-19.00	-0.5%	3833.00	-2.6%		3842.00
NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE							

BY DIE GELD PUT OPSIE	WM	YM
JULIE '18 TERMYNPRYS	R 2 170.00	R 2 121.00
PUT TREFPRYS	R 2 180.00	R 2 120.00
PUT PREMIE	R 189.92	R 158.52
MINIMUM SAFEX PRYS	R 1 990.08	R 1 961.48

WEEK NR.	36
WEEK TOTAAL	3 243
JTD TOTAAL	546 063
UITVOERBAAR	2 500 000
JTD AS % VAN UITVOERBAAR	22%
TEMPO/WEEK BENODIG	122 121

MIELIE UITVOERE	WM	YM	TM
WEEK TOTAAL	3 243	2 084	5 327
JTD TOTAAL	546 063	1 208 654	1 754 717
UITVOERBAAR	2 500 000	1 850 000	4 350 000
JTD AS % VAN UITVOERBAAR	22%	65%	40%
TEMPO/WEEK BENODIG	122 121	40 084	162 205

MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS			
WEEK TOTAAL	4 553	1 742	6 295
JTD TOTAAL	9 037 786	6 136 515	15 174 301
NOK SKATTING + REGSTELLINGS	9 642 750	6 451 250	16 094 000
% GELEWER VAN OES	94%	95%	94%
TEMPO /WEEK BENODIG	37 810	19 671	57 481

KORING INVOERE	2017/18	2016/17	5 Jr. GEM
WEEK TOTAAL	-	-	23 489
JTD TOTAAL	625 073	79 214	359 265
TOTAAL BENODIG	2 000 000	930 728	1 568 763
JTD AS % VAN BENODIG	31%	8.5%	23%

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R12.37/$ en het versterk vanaf die R12.45/$ waarteen dit gister met marksluiting verhandel het. Daar is tans baie min nuwe fundamentele nuus wat die markte binnekom en wat 'n noemenswaardige impak op die wisselkoers het. Die rand verhandel tans redelik stabiel teen vlakke tussen R12.30/$ en R12.50/$. Die plaaslike politieke situasie in die land is steeds een van die grootste dryfvere van die wisselkoers en dit tesame met die opbou na die president se staatsrede asook die minister van finansies se begrotingsrede, sal in die volgende paar weke die hooffokus in die plaaslike ekonomiese omgewing wees.

Mielies: Die Amerikaanse mieliepryse het gister min beweging getoon met die verhandelings aktiwiteit wat redelik stadig was met die meeste markdeelnemers wat grootliks in afwagting is op die nuwe WASDE verslag wat later vandag bekend gemaak word. Die Amerikaanse mark het effens laer verhandel in die Maart kontrak terwyl die Mei kontrak meestal onveranderd gesluit het. Die verwagtinge in die mark vir die WASDE verslag, is dat die Amerikaanse en internasionale voorrade moontlik onveranderd gelaat sal word vanaf die vorige skatting toe dit alreeds teen hoë vlakke gerapporteer was. In gister se weeklikse uitvoerverkopeverslag wat deur die USDA bekend gemaak word, is daar gerapporteer dat die weeklikse uitvoere goeie herstel getoon het vanaf die bemarkingseisoen se weeklikse laagtepunt wat twee weke gelede gerapporteer was. Die weeklikse uitvoere was egter steeds laer as wat die gemiddelde handelsverwagtinge was. Die weeklikse uitvoerverskepings het goeie groei getoon en was ongeveer 35% hoër as verlede week se verskepings en 38% hoër as die 4 weke gemiddeld. Meksiko was die grootste ontvanger van die Amerikaanse mielie uitvoere. Die mielie invoere na die Europese Unie het 26% jaar op jaar toegeneem in die 2017/18 bemarkingseisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister meestal goeie ondersteuning gevind en het sterker verhandel in meeste van die kontrakte van beide wit- en geelmielies wat tans gelys is. Die mark het ondersteuning gevind met die weervooruitsigte wat steeds nie belowend lyk vir reën in die volgende week nie, met die toestande wat reeds ongunstig is as gevolg van die lae grondvog.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het gister vir die 4de agtereenvolgende dag laer verhandel, hoofsaaklik as gevolg van die weersvooruitsigte in die VSA wat verbeter het en ook die verwagtinge dat die nuutste WASDE verslag die sojaboonvoorrade hoër kan aanpas vanaf die vorige skatting. Die weeklikse Amerikaanse sojaboon uitvoerverkope van 617 778 ton ou seisoen sojabone was meer as die vorige week se 560 636 ton se uitvoer verkope. Die uitvoerverkope was egter steeds laer as wat die gemiddelde handelsverwagtinge in die mark was vir die week, maar steeds hoër as die tempo wat benodig word om by die jaarlikse USDA skatting uit te kom. In Suid Amerika is die verwagting dat die Argentynse sojaboon oppervlakte aangeplant vir die seisoen ongeveer 0.4% laer behoort te wees as gevolg van die droë toestande daar. In Brasilië is die verwagting dat die produksie daar redelik beter behoort te lyk en dit moontlik naby aan die vorige rekord produksie van 114 miljoen ton kan uitkom. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel nadat die mark die vorige twee dae skerp onder druk gekom het. Daar is ook nog heelwat onsekerhede rakende die oliesaadproduksie vir die seisoen wat die markte volatiel hou. Daar is tans steeds groot oliesaad voorrade plaaslik beskikbaar.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister onder druk gekom en het meestal laer verhandel met die uitsondering op die Maart harde rooi winterkoring kontrak wat effens sterker gesluit en die Julie kontrak wat onveranderd gesluit het. Die Amerikaanse koringmark het oor die algemeen baie gemeng verhandel hierdie week voor die aankondiging van die WASDE verslag aangesien daar steeds groot voorraadvlakke in die internasionale konteks is en daar nie groot veranderinge in die WSDE verslag verwag word nie. Die weeklikse Amerikaanse uitvoerverkope is gister op 70 760 ton gerapporteer wat baie laer is as die weeklikse handelsverwagtinge wat 351 078 ton was. Die uitvoerverkope vind ook aansienlik stadiger plaas as die tempo wat benodig word om by die jaarlikse USDA skatting uit te kom. Oor die algemeen vind die internasionale koring uitvoere teen 'n stadige tempo plaas met die Europese Unie wat aangekondig het dat hul jaar tot datum koring uitvoere ongeveer 20% laer is as dieselfde tyd verlede jaar. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister ook onder druk gekom en het meestal laer verhandel vir die dag in meeste van die kontrak maande wat tans gelys is.

Plaaslike Markinsigte & Data: *www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za*
Internasionale Markinsigte & Data: *www.usda.co.za*

Opgestel deur *Michelle Mokone en Luan van der Walt /* ***Vir navrae, kontak****: Michelle@grainsa.co.za/luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.